

JONGSTE NUUS: EKSAMENKONSESSIE EN EX GRATIA-UITBETALING

Beste student

Die Universiteit Stellenbosch (US) is bewus van die uitwerking wat die uitstel van die Mei/Junie 2022-eksamen op sommige studente se reis- en verblyfreëlings het, veral diegene wat nou hul eksamen in die laaste week van die A3-assesseringsgeleentheid (27 Junie tot 2 Julie 2022) moet aflê.

Soos ons in 'n vroeëre skrywe ([lees hier](#)) genoem het, is die besluit om die assesseringstydperk uit te stel, nie ligtelik geneem nie. Aangesien die Universiteit se leierskap die welstand van die hele studentegemeenskap op die hart dra, en as 'n instelling wat omgee en sensitief is, het ons die volgende meganismes goedgekeur om studente by te staan wat deur die uitstel geraak is.

Hierdie meganismes is slegs van toepassing op studente wat gedurende die laaste week van die A3-assessering eksamen moet skryf, maar wat logistieke en finansiële uitdagings ondervind weens die uitstel.

Ex gratia-uitbetaling

Die Universiteit het simpatie met diegene wie se planne deur die besluit geraak is en kyk na maniere om hierdie skok, waar moontlik, te versag. Die US sal 'n eenmalige ex gratia-uitbetaling tot en met 'n maksimum bedrag van R10 000 aan studente en personeel maak (onderhewig aan spesifieke kriteria) wat bykomende kostes moes aangaan om hul reis- en/of verblyfreëlings aan te pas ten einde die hergeskeduleerde assesserings te kan aflê. Die Universiteit sal die praktiese reëlings vir sulke aansoeke bekendmaak sodra dit gefinaliseer is.

Aflegging van assesserings weg van die kampus af

In gevalle waar studente 'n eksamen in die week van **27 Junie tot 2 Julie 2022** moet aflê, maar nie hul bestaande reëlings kan verander om hierdie eksamens op kampus af te lê nie, sal die US reël dat hulle hul eksamen(s) by 'n ander eksamenlokaal weg van die kampus af aflê. Let asseblief egter daarop dat die US nie toegang tot eksamenlokale in alle dele van Suid-Afrika het nie. Studente sal dus by die naaste lokaal soos toepaslik hul eksamen kan aflê.

Kwalifiserende kriteria vir aflê van assesserings op ander plekke

1. Die konsessie waarvoor jy aansoek doen, moet van toepassing wees op 'n eksamen wat binne die week van 27 Junie tot 2 Julie 2022 val. Vind asb 'n lys van die toepaslike modules [HIER](#).
2. Hierdie konsessie geld slegs vir studente wat hul reis- en verblyfreëlings vóór Vrydag, 20 Mei 2022 getref het en slegs waar hierdie reëlings nie verander kan word nie. Geen versoeke vir besprekings en betalings wat ná hierdie datum gemaak is, sal oorweeg word nie. Let asb daarop dat dit die student se verantwoordelikheid is om dit te bewys en om ondersteunende dokumente hiervoor te verskaf.
3. Die US kan nie 'n lokaal baie naby aan jou verblyfplek gedurende die week van 27 Junie tot 2 Julie 2022 waarborg nie.
4. Studente wat hierdie opsie kies, moet 'n versoek, tesame met alle ondersteunende dokumente, soos byvoorbeeld bevestiging en kwitansie van 'n reis- of verblyfbespreking, [HIER](#) indien.

5. Die sperdatum vir versoeke, insluitende die indiening van alle ondersteunende dokumente, is **Dinsdag, 31 Mei 2022**. Geen uitstel sal gegee word en geen ondersteunende dokumente sal ná hierdie datum aanvaar word nie.
6. Hierdie opsie is nie van toepassing op modules waar rekenaargesteuende assesserings in 'n Rekenaargebruikarea (RGA) afgelê word nie, aangesien die lokale weg van die kampus af nie oor die nodige toerusting beskik nie.
7. Studente wat eksamens aflê waarvoor 'n spesiale konsessie goedgekeur is, kan weens hulpbronnbeperkings nie gehuisves word nie.
8. Die uitkoms van die besluit oor die aansoek is finaal en daar kan nie daarteen geappelleer word nie.
9. In gevalle waar daar gevind word dat studente probeer bedrog pleeg deur bedrieglike aansoeke of ondersteunende dokumente in te dien, sal die studente onderhewig wees aan die toepaslike dissiplinêre gedragskode en reëls.
10. Studente sal binne tien dae van die uitkoms in kennis gestel word.

Rig navrae aan info@sun.ac.za.

Ons wens al ons studente sterkte toe vir hul finale voorbereidings.

Vriendelike groete

Dr Ronel Retief
Registrateur

Prof Stan du Plessis
Bedryfshoof

Ixesha loviwo luhlehlisiwe kangangeveki enye - Uhlaziyo oluvela kwiRejistra

Imibuliso kubafundi nakubalingane

Njengoko besinxibelelene nani ngoLwesihlanu umhla wama- 20 kuMeyi 2022, iBhunga loLawulo lobuNgqonyela nothetha-thethwano ngokusondelelene nabafundi kunye nobunkokheli befakhalthi, bugqibe ekubeni kuhlehliswe uviwo lwesimesta yokuqala ngeveki enye. Eli nyathelo lingaqhelekanga lithathwe ngenxa yempembelelo yeziganeko ezenzakalisayo zeveki edlulileyo kwisimo sengqondo neemvakelelo kwimpilo yabafundi bethu. Ubunkokheli base-SU bugqibe ekubeni oku kuya kuba semdleni wabafundi bethu kwaye kuya kubanika ithuba lokungena kwiimviwo besemoyeni opholileyo. Nceda ucofe **apha** ukuze ufumane unxibelelwano lwangoLwesihlanu.

Olu nxibelelwano lunika inkcazelo ecacileyo kwishedyuli nemihla yovavanyo oluhlaziweyo kunye nethuba lovavanyo lukaMeyi/ Juni.

Imihla jikelele eHlaziyiweyo

- UMeyi/ Juni luviwo (lethuba lokuqala): ngomhla wama-30 kuMeyi ukuya kowama-20 kuJuni
- UMeyi/ Juni luviwo (lethuba lesibini): ngomhla wama-21 kuJuni- ukuya kowe-2 kuJulayi
- Ukuphela kukaMeyi/ Juni lithuba lovavanyo: ngowe-2 ku-Julayi

- Ixesha leKhefu: ngumhla we-3 ukuya kowe-17 kuJulayi
- Ukuqala kwesimesta yesibini: ngumhla we-18 kuJulayi
- Usuku lokuGqibela loku-aphlowuda iziphumo: ngumhla wama-22 kuJulayi
- Usuku lokuGqibela lokubhalisela isimesta yesibini, ukulungiswa kweenkqubo neemodyuli: ngumhla wama-29 kuJulayi.

Abafundi banakho ukufumana ithayimtheyibhile yabo ehlaziweyo **kwi-Pothal yabafundi**. Ithayimtheyibhile yeemviwo ezihlaziyiweyo zika- Meyi/Juni ngowama-2022 ikwafumaneka **kwalpha**.

Siyacela kakuhle ukuba abafundi ababhala uvavanyo oluqhubekayo neemvavanyo zaphakathi enyakeni zeemodyuli zonyaka, bancede baqhagamshelane namasebe abo ukuze bafumane ulwazi oluhlaziyiweyo.

Ngaphezulu kwe-100 labafundi bethu kubandakanya ne-primz, nosihlalo woluntu kunye ne-SRC ngokunjalo nobunkokheli beefakhalathi bebe manyene kwisicelo sabo solu hlehliso. Sinovakalelo malunga nefuthe leziganeke zakutsha nje kuluntu lwethu luphela, ngako oko esi sigqibo besifanelekile ukuze sinike abafundi bethu ithuba elilelona lingcono lempumelelo kwiimviwo neemvavanyo zabo. Nangona siqonda ukuba esi isigqibo sibangela uphazamiseko, uhlehliso kufuneka lubonwe njengenkxaso kwimpilo-ntle yequmrhu labafundi bethu neYunivesithi ngokubanzi.

Sibanqwenelela bonke abafundi bethu okuhle kumalungiselelo abo okugqibela

Imibuliso emihle

Gqr. Ronel Retief
iRejistra